

PRETORIA

# GET IT

FREE!

**Pta's *HOTTEST* vintage venue**

Pretville se Emily oor dáái soen met Steve

**Ex Mrs UN shares skincare secrets for lasting youth**

## TREND ALERT!

Take a sneak peek at local fashion gurus' Vegas range

## Leon Rousseau

**Steeds besiel na byna ses dekades van stories skryf**

MAGALIESKRUIN SE MEISIE VAN LANGSAAN

# ZITA PRETORIUS

SHOPPING, PEOPLE AND LIFESTYLE IN YOUR NEIGHBOURHOOD

MARCH 2013

# MUSIEK HAAR GROOT LIEFDE

Begaafde sanger en meisie van langsaan Zita Pretorius is besig om al die regte note in die musiekbedryf te slaan. Dié pragtige Magalieskruiner gesels met Natashia Slabbert oor Ons Lieflinge, die sorgvryheid van jonk wees en haar eerste solo-album.

Jeugdigheid staan in groot prettige letters oor die fyn ongekunstelde gesiggie met die groot blou oë geskryf.

Haar onskuldige en gemaklike voorkoms spreek van die tipiese meisie van langsaan.

Terwyl haarstileerders en grimeerkunstenaars om die jong sanger trippel en trap, borrel uitbundige laggies kort-kort oor haar lippe terwyl sy oulike anekdotes vertel.

As dit enigsins moontlik sou wees om die essensie van jeugdige lewenslus in 'n botteltjie vas te vang sou Zita Pretorius beslis die hoofbestanddeel wees.

Soos wat grimering en glans laag vir laag vir Zita se *Get It* fotosessie aangewend word, verander dié plat-op-die-aarde meisie-langsaan egter in 'n pragtige sosiale vlinder. Die plaasmeisie ontpop as't ware in 'n modepop.

Die Magalieskruiner se warm, vriendelike geaardheid loop steeds oor soos 'n borrelende fontein maar die prentjie van 'n naïewe meisiekind met sterre in haar oë, verander gaandeweg in 'n selfversekerde jong vrou met die wêreld aan haar voete. Bekoorlik en gemaklik in haar eie vel.

Vir Zita, voorheen deel van die gewilde Ons Lieflinge-faam saam met Rudi Claasse, lê die vermaaklikheidswêreld soos 'n oester en glinster.

Dié 20-jarige musikant se eerste solo-album *Skakerings van dagbreek* is verlede jaar in September vrygestel. Sy het ook onlangs saam met Marzanne de Beer van die Kurt Darren-band en oud-Liefling, Corlea Botha, die prettige popalbum *Dolce Vita* uitgereik.

Dit is geen verrassing dat musiek deur Zita se are bruis vandat sy kan onthou nie. Op vyfjarige ouderdom het sy begin klavier speel en ook vir die eerste keer opgetree. Op 10-jarige ouderdom was dit die viool, op 12-jarige ouderdom sanglesse en as 13-jarige het sy die kitaar nader getrek. Op 15 het sy die tromme getakel.

"Vandat ek kan onthou was ek dol oor enigiets wat geraas maak. Ek was van kleintyd af vreeslik passievol oor musiek. Musiek is nog altyd deel van my en ek is alewig aan die sing. Jy kry my nie stil nie! Ek wil nóg instrumente leer speel en wil graag die saksofoon volgende aanpak. Ek is gek oor jazz en swing."

> My voetjies is hier in Suid-Afrika gegrond. Ek het besluit ek wil graag eerder my musikale loopbaan op eie bodem begin

Alhoewel die fyn sanger duidelik met tonne musikale talent spog, is sy beslis nie net nóg 'n mooi gesiggie wat 'n noot kan hou nie.

Hierdie slimkop, wat as matrikulant sewe onderskeidings aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool ingepalm het, wou oorspronklik 'n rekenmeester word. "Ek is nog altyd lief vir wiskunde en is absoluut gek oor syfers. Ek het in my matriekjaar keuring gekry om B.Com Rekeningkunde aan die Universiteit van Pretoria te studeer en het myself vir 'n loopbaan in syfers reggemaak."

'n Vriendin het egter dié netjies beplande toekomsplanne omver gegooi en Zita 'n hupstootjie in die rigting van 'n musikale loopbaan gegee.

"My vriendin het, sonder my wete, my vir die Suid-Afrikaanse kampioenskap van uitvoerende kunste ingeskryf. Ek het toe maar saamgespeel en gaan sing - en teen my wildste verwagtinge gewen!"

Zita is as die algehele wenner van die operakategorie in die Suid-Afrikaanse kampioenskap gekroon en het hiermee na die wêreldkampioenskap in Los Angeles, Kalifornïe deurgedring. Ook hier is sy as die algehele wenner in die operakategorie aangewys, 'n oomblik wat sy as een van die betekenisvolste in haar lewe tot dusver beskryf.

Met dié voortreflike wentitel agter Zita se naam het twee Amerikaanse platemaatskappye nie lank op hulle laat wag om platekontrakte vir die Pretorianer aan te bied nie.

Alhoewel popsterstatus skielik vir dié Affies-meisiekind gewink het, was sy nie gereed om haar vlerke so vroeg in haar loopbaan te sprei nie. "My voetjies is hier in Suid-Afrika gegrond. Ek het besluit ek wil graag eerder my musikale loopbaan op eie bodem begin. Na 'n lang en moeilike besluit het ek die kontrakte van die hand gewys. Dit was twee verskriklike groot geleenthede maar my patriotiese boerehart het die oorhand gekry."

Plek: Planet Waves by Reg Hair and Beauty Studio

Terug op Suid-Afrikaanse bodem het Zita besluit om haar volle aandag aan musiek te wy en na 'n opwindende jaar van musiekmaak as deel van die geliefde sangduo, Ons Lieflinge, het sy besluit om 'n sololoopbaan aan te durf.

"Lieflinge was vir my 'n wonderlike ervaring. Ek het só baie geleer! Rudi is 'n absolute begaafde musikant en liedjieskrywer. Einde 2011 het ek egter gevoel dat die regte tyd vir my sololoopbaan aangebreek het. Dit was 'n benoude oomblik. As musikant is jy nooit seker of jy 'n volgende platekontrak gaan kry nie maar alles het tog mooi uitgewerk," lag sy.

Zita het in Februarie verlede jaar 'n platekontrak met Universal Music gesluit, waarna haar eerste solo-album *Skakerings van dagbreek* in September die daglig gesien het.

"Wat 'n vindingryke ervaring. Dit was die eerste keer wat ek self pen op papier neergelê het. Die album was baie anders - die album saam met Rudi het 'n klassieke aanslag gehad terwyl *Skakerings van dagbreek* 'n jonger gevoel het."

Die 20-jarige blondine het juis die jonger aanslag van haar solo-album geniet omdat sy sterk oortuig is dat jonkwees 'n spesiale tydperk in 'n persoon se lewe is en iets is wat gekoester moet word.

"Ek is dol oor jonk wees. Ek sien myself nog as 'n kind. Dit is hartseer dat in vandag se samelewing die woord kind amper 'n vloekwoord vir jongmense geword het," sê sy met 'n sug voordat sy vervolg.

"Almal wil ouer wees. Daar is soveel druk om 'groot' te wees voor jou tyd. Ek voel, gun jouself dit om jonk te wees - daar gaan baie tyd wees vir ander dinge. As kind kan jy byvoorbeeld kaalvoet rondhardloop in die sand, jy is so sorgvry."

Soos wat Zita borrelend haar liefde vir soortgeluke sorgvrye aktiwiteite deel, is die prentjie van die tipiese meisielangsaan eensklaps terug.

"Ek is absoluut dol oor lees. As ek iewers kan opkrul met 'n goeie boek, enige plek na aan die aarde met my voete in die sand, is ek op my gelukkigste."

Sy vertel dromerig van naweke by hul familieplaas in Ellisras waar sy juis gedurig kaalvoet in die sand rondloop, die berge met 'n vierwielmotorfiets invaar of by die rivieroewer lê en dagdroom. "Ek is beslis 100% 'n plaasmeisie, en wil nog 'n kind wees terwyl ek kan," verklap sy met blink oë.



Gaan na http://pretoria.getitonline.co.za vir nog foto's en 'n kykie agter die skerms.